

Goeie Vrydag 2021: Gesins- of Groepsliturgie

Goeie Naand Gemeente

Welkom by ons Goeie Vrydag samekoms. Ek hoop dat jy vanaand iets spesiaal sal beleef, ongeag of jy saam met jou gesin, tussen vriende of op jou eie is.

Vanaand se liturgie gaan verskeie elemente hê, wat ek in 'n vorige boodskap genoem het. Indien jy dit nie gekry het nie, is jy welkom om weer daarna te kyk en die nodige voorbereidings te tref, sodat die liturgie nie onderbreek hoef te word nie. Ek herinner julle ook daaraan dat hier niks bygelowig of verskuil is in die rituele nie, en dat alles opsioneel is. Ons moedig tog almal aan om deel te neem so vêr moontlik, omdat dit bydra tot 'n spesiale ervaring.

- 'n Kers, of 'n paar kerse. Julle kan self besluit oor hoeveel julle wil gebruik.
- 'n Skottel met water en 'n handdoek
- 'n Klein bakkie soutwater, en iets om dit mee te proe (Ons gaan 'n takkie pietersielie gebruik hiervoor)
- Bitter kruie. Tradisioneel gebruik mense hiervoor 'n bitter slaaiblaar, iets in die sigorei familie, peperwortel (horseradish) of iets soortgelyk. Dis egter nie belangrik dat dit iets vreemds hoef te wees nie, en julle kan enigiets met 'n erge bitter smaak gebruik, selfs 'n aalwyn of suur vygie, solank dit nie giftig is nie.
- Brood. Tradisioneel sal die brood ongesuur wees, maar julle is welkom om gewone brood, soutkoekies, pita brode of enige ander vorm van brood te gebruik.
- Wyn. Dit kan ook met 'n sap of selfs water vervang word, sou julle so verkies.
- 'n Ete. Die Goeie Vrydag vieringe is gesentreerd rondom saam eet, so kry gerus vir julle iets lekker om as gesin of groep saam te geniet! Die tradisionele ete op Goeie Vrydag is of lamsvleis, volgens die Joodse tradisie, of 'n visgereg, volgens die vroeë Katolieke en Ortodokse tradisies, maar die aard van die kos is nie te belangrik nie, solank julle lekker saam eet!

Wanneer julle alles gereed het, kan julle saam begin.

1. Kerse

Die eerste ritueel wat ons saam gaan doen, is om die kerse aan te steek. In die gesinne mag die ma's vir ons hiermee voortgaan. Wanneer julle kerse aangesteek is, mag julle die volgende tekste saamlees, en ook deel wat die lig as simbool van Jesus se teenwoordigheid vir julle beteken. Iemand kan dan bid en Hom tussen julle verwelkom.

Johannes 1:9-12

9 Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. 10 Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11 Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. 12 Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

1 Johannes 1:5

Jesus het vir ons belangrike dinge kom sê. Ons het mooi na Hom geluister. Wat Hy vir ons gesê het, vertel ons nou weer vir julle. God kan vergelyk word met die lig wat skyn. Soos die lig die duisternis verdryf, so verdryf die teenwoordigheid van God die Bose heeltemal.

2. Voete Was

Die volgende ritueel gaan miskien van julle ongemaklik maak, maar ek wil julle tog vra om braaf te wees en hiermee voort te gaan. Ek wil graag die pa's vra om 'n skottel met water te vat (en 'n handdoek om mee af te droog), en een vir een elke persoon in die gesin se voete te was. Wanneer julle klaar is, kan julle ook met mekaar gesels oor hoe dit gevoel het, en wat dit vir jou beteken het. Iemand kan ook die volgende voorlees:

Johannes 13:13-14:

13 Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. 14 As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was.

3. Sout Water

Volgende kan julle die soutwater gereed kry, en iets om dit mee te proe. Ons gesin gebruik 'n takkie pietersielie hiervoor. Wanneer julle dit gereed het, kan julle as gesin die volgende doen:

Die kinders vra (agter die voorleser aan): "Wat beteken die soutwater?"

Hierop antwoord die volwassenes (agter die voorleser aan):

"Die soutwater herinner ons
aan die trane in ons eie lewe.

Ons dink oor die goed wat ons hartseer maak
en ons dink aan Jesus wat ons troos."

Wanneer julle die vrae en antwoorde klaar beantwoord het, kan julle die soutwater proe, en met mekaar deel wat die dinge is wat oor die laaste paar maande of jare jou hartseer gemaak het. Herinner ook mekaar daaraan dat dieselfde goed wat ons hartseer maak, ook die Here hartseer maak, en dat Hy die een is wat ons troos.

Julle kan ook die volgende saam lees:

Matteus 5:4

4 Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

Johannes 16:20

20 Laat Ek julle so 'n bietjie meer vertel. Dan sal julle beter verstaan. Julle gaan eers baie hartseer wees; so hartseer dat die trane oor julle wange gaan loop. Dan gaan die ongelowiges hande klap van blydschap. Maar julle gaan nie lank hartseer bly nie. Elke stukkie hartseer sal in 'n stuk blydschap en vreugde verander.

4. Bitter Kruie

Die volgende item wat ons gaan gebruik, is die bitter kruie. Weereens wil ek hê dat die kinders die vraag vra, en die volwassenes antwoord, so die kinders kan agter die voorleser aan vra: “Wat beteken die bitter kruie?”

Die volwassenes antwoord dan:

“Die bitter kruie
herinner ons aan die donkerte in die wêreld
en ’n wêreld wat vir Jesus nodig het.”

Julle kan as gesin of groep nou gesels oor die dinge in die wêreld wat julle sien wat bitter, donker, stukkend is. Julle kan ook ’n bietjie van die bitter kruie proe terwyl julle daaraan dink. Bid nou saam dat Jesus in hierdie plekke of groepe of sake die verlossing en die herstel sal bring. Julle kan ook die volgende tekste saam lees:

Psalm 119:50

50 In slegte tye hou u beloftes my aan die gang.

Job 5:11

11 Dit is Hy wat die vertraptes weer optel, wat uitkoms gee aan dié wat ly.

5. Maaltyd

Ons kom dan nou by ’n lekker deel van die liturgie, die saam eet! As julle miskien jong kinders in die gesin of groep het, kan julle ook kies om eers die volgende speletjie te speel: Breek ’n stuk van die brood af, groot genoeg sodat daar vir almal ’n nagmaal stukkie sal wees, en dan draai julle dit in ’n lap toe en een van die volwassenes steek dit weg. Die kinders moet natuurlik die vertrek verlaat, of hulle oë toe hou hiervoor. Na ete sal hulle dan kans kry om daarvoor te soek.

Iemand aan tafel kan ’n tafelgebed doen, en dan eet julle lekker saam!

6. Die Brood

Wanneer julle klaar geëet is, kan julle die kinders kans gee om die stuk brood te soek.

Wanneer julle dan die brood gereed het, kan die kinders weer agter die voorleser aan vra: “Wat beteken die brood?”

Die volwassenes antwoord:

“Die brood herinner ons
aan Jesus se liggaam
wat vir ons gebreek is.”

Julle kan dan in die gesinne die brood breek, vir almal ’n stukkie daarvan gee, en dit saam eet.

7. Die Wyn

Soos met die brood, kan die kinders ook weer vra: “Wat beteken die wyn?”

Die volwassenes antwoord:

“Die wyn herinner ons
aan Jesus se bloed
wat gevloei het
sodat ons vergewe kan word.”

Julle kan nou die wyn of sap drink, en dan kan iemand in die gesin dankie sê vir wat Jesus vir ons elkeen aan die kruis gedoen het.

Julle is welkom om saam 1 Korintiërs 11 vers 23-26 te lees:

23 Kom ek verduidelik weer vir julle wat die Here self oor die nagmaal gesê het. Dit alles het die nag gebeur toe Jesus gevang is. ’n Rukkie voor Hy gevang is, het Hy saam met sy getrouste volgelingen geëet.

Hy het die brood gevat 24 en vir God daarvoor dankie gesê. Hy breek die groot stuk brood toe in kleiner stukke en deel dit uit. Terwyl Hy dit doen, sê Hy: “Dit is my liggaam wat net so gebreek word. Julle sal baie daarby baat. Elke keer as julle dit eet, moet julle dink aan wat Ek alles vir julle gedoen het.” 25 Toe hulle amper klaar geëet het, vat Jesus die groot beker waarin die wyn gehou is. Toe sê Hy: “Die wyn in hierdie beker staan vir die nuwe ooreenkoms wat God met julle gemaak het omdat my bloed vir julle gevloei het. Drink die wyn en elke keer as julle dit drink, onthou dan wat Ek vir julle gedoen het.” 26 Eet die brood en drink die wyn dus in hierdie gesindheid totdat die Here terugkom. As julle dit so doen, is dit so goed soos ’n preek vir almal om te sien wat die dood van die Here vir julle beteken.

Wanneer julle klaar die nagmaal gebruik het, kan enigeen in die gesin of groep afsluit met ’n gebed.

Mag julle ’n geseënde Goeie Vrydag en Paasnaweek hê!